# Gouelokkies

Illustrasies: Catherine Groenewald

Aangepas uit 'n Skandinawiese volksverhaal

**Kwartaal 2** – Groot Boek 5



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT 2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

T2_5 Goldilocks_big book_A.indd 1
2021/11/04 16:23



Eendag was daar
drie bere: Pappabeer,
Mammabeer en Bababeer.
Hulle het in 'n klein huisie
in die woud gewoon.



Een oggend sê Pappabeer:
"Ons pap is nog te warm.
Kom ons gaan stap terwyl
dit afkoel."



T2_5 Goldilocks_big book_A.indd 2 2021/11/04 16:23



Gouelokkies was ook besig om in die woud te stap. Sy sien die bere se huis. Sy klop, maak die deur oop en stap sommer in!



T2_5 Goldilocks_big book_A.indd 3 2021/11/04 16:23



Gouelokkies proe aan
almal se pap. Sy lê op
almal se beddens. “Ek hou
van hierdie bed,” sê sy. “Dit
is net reg.” En Gouelokkies
raak aan die slaap.



T2_5 Goldilocks_big book_A.indd 4 2021/11/04 16:23

Die drie bere kom huis toe.



"Wie het ons pap geëet?" vra hulle kwaai.

"Wie het in ons beddens geslaap?" vra Bababeer.



"Daar is sy!"



T2_5 Goldilocks_big book_A.indd 5 2021/11/04 16:23



Gouelokkies skrik haar boeglam! Sy spring uit Bababeer se bed en hardloop so vinnig as wat sy kan weg. Die bere het haar nooit weer gesien nie.



T2_5 Goldilocks_big book_A.indd 6 2021/11/04 16:23

a b c d e f g i j

Gauteng Education Development Trust

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

ZENEX FOUNDATION

Wordworks Changing lives through literacy

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

CC BY NC SA